Tema: Bly by die Here en Hy sal by jou bly.

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 10-2
Votum
Seën;
Lofpsalm Ps 91-1: 1, 2
Geloofsbelydenis: Sing Sb 12-3: 1, 2

Verootmoedigingsdiens
Wet: Nagmaalsformulier van Calvyn: inleiding en selfondersoek
Sing Sb 3-4: 1,5
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 2 Kronieke 14: 2 - 15:19
Teks: 2 Kronieke 15: 2
Woordverkondiging;
Sing Ps 91-1: 5, 7 (staande)

Sakramentsbediening
Nagmaalsformulier
Sing: Sb 17-3: 1, 2;
Nagmaalbediening
Sing aan tafel Ps 116-1: 4, 5
Gebed

Antwoorddiens
Liefdegawes
Sing Ps 91-1: 8
Seën;
Amenlied Sb 13–3.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons maak dikwels van geloof ŉ onnodig ingewikkelde saak. Ons wil oor God en sy Woord en oor ons geloof wonder en dalk nog baie dinge wat ons nie verstaan nie, bevraagteken. Ons kan baie daaroor praat en met mekaar verskil oor ŉ klomp dinge terwyl geloof eintlik ŉ eenvoudige saak is.

Die Here Jesus het dit ook op ŉ keer uitgewys in ŉ situasie waar die Skrifgeleerdes en sy dissipels oor geloof vrae gevra en gestry het. Jesus het doodeenvoudig ŉ kind nader geroep en in hulle midde laat staan en gesê: wie nie glo soos ŉ kind nie, kan nie die koninkryk van God ingaan nie. Geloof is eintlik eenvoudig: jy glo en vertrou in God en Hy sal vir jou sorg of jy draai jou rug op God en dra die slegte gevolge daarvan.

Hierdie saak het baie duidelik geblyk uit die lewe van koning Asa en die Here wil ons vandag hierdie eenvoudige waarheid leer: bly by die Here en Hy sal by jou bly!

Asa, die koning van Juda, kom te staan voor ŉ geweldige krisissituasie! Die Kussiet, Serag, trek vanuit die suide (waarskynlik met magte uit Saoedi-Arabië en Egipte) op om te veg teen Asa met ŉ mag van 1 miljoen soldate en 300 strydwaens. Asa kan maar ongeveer 580 000 manne bymekaar maak en hulle bewapen met spiese, swaarde en boë.

Dit is ŉ hopelose situasie en ŉ geweldige krisis! Asa is koning en hy moet die volk beskerm en alle somme wat hy maak dui daarop dat hy dit nie gaan regkry nie. Wat doen hy nou? Hoe hanteer Asa die krisis in sy en die volk se lewe?

In die eerste plek bly Hy by die Here! Hy fokus op God in die krisis! Reeds van die begin van sy koningskap af het Asa op die Here gefokus en gedoen wat goed is in die oë van die Here. En nou hier in die krisis: bly hy sy fokus op God behou! Kyk net sy gebed! Totale oorgawe en vertroue op God alleen: Here, u is magtig en ons is kragteloos, maar ons vertrou op U! Laat U magte Serag oorwin! Ons steun op U!

En God laat dit so gebeur. Hf 14: 13 lees “Serag is deur die Here se leër verslaan”. Om op God te fokus en Hom te vertrou gee die deurslag in elke krisis. Die laat jou die situasie reg hanteer.

Maar hierdie fokus op God bring in die tweede plek ook die regte gesindheid in jou hart! Na die oorwinning van die Here en die profeet Asarja se preek wy Asa en die hele volk hulle geheel en al toe aan die Here! Vertroue op God bring geestelike toewyding aan God en dit maak ŉ reuse verskil in die gelowige se lewe. Die volk

was so ernstig dat hulle selfs ’n belofte aan die Here maak dat hulle Hom heelhartig sal dien. So ernstig was die volk dat hulle die wat ongehoorsaam aan die Here was doodgemaak moes word!

Hierdie innerlike toewyding bring derdens ook kragdadige bekering in ons lewe! Asa verwyder alle die afgodsdienste in die land en herstel die ware aanbidding in Juda. Die bekering en toewyding aan God en die aktiewe herstel van hulle diens aan God is so sterk dat dit selfs mense uit die noordelike ryk na Juda toe laat trek. Hulle wil ook deel wees van hierdie ingrypende vernuwing en lewe in die Here!
Hf 15: 14 stel dit so: die wat vir hulle ’n vreugde om na die wil van die Here te vra en die Here het Hom deur hulle laat vind en hulle rus gegee na alle kante toe!

Asa het soveel innerlike oortuiging en daadkrag dat hy selfs sy ouma se titel as koninginmoeder van haar wegvat omdat sy ’n afgodsbeeld laat oprig het! En die Here het Hom en die volk rus gegee!

Brs. en srs., die boodskap en die opdrag is eenvoudig: Bly by God en God sal by jou bly! Fokus op die Here met volle vertroue, hierdie vertroue bring ’n kragtige innerlike oortuiging en toewyding en die innerlike oortuiging bring ware bekering!

Kom ons pas hierdie eenvoudige boodskap toe op vanmore met ons deelname aan die Nagmaalviering wanneer ons die brood en wyn uit die hand van die Here ontvang! Maak nie saak vanuit watter geestelike posisie jy vanmore hier sit en wat in jou lewe aan die gang is nie! Of dit ’n krisis is of nie!
1. Waarop moet ek fokus? Ons moet fokus op ons Here Jesus Christus en sy wonderlike reddingsdaad! Dat Hy ons naby God gebring het, in ’n lewende verhouding met God gestel het. Sonde neem jou weg van God en Christus het vir ons sonde betaal – nou kan ons in Christus by God wees en bly!

Ja die Here Jesus het ’n baie groter oorwinning behaal wat die leërmagte van God daardie dag oor Serag se een miljoen soldate behaal het! Hy het die oorwinning oor Satan en sy magte behaal sodat ons God kan ken, by Hom kan bly en op Hom kan fokus!
Fokus dan op God deur Christus se tekens van brood en wyn te sien, dit in te neem en so jou mosie van vertroue in God te stel! Dat ek en jy ook vanmore kan bely: Here ons is niks nie– U is alles – ons vertrou volkome op U.

Hierdie fokus bring dus tweedens dadelik die regte innerlike ingesteldheid by my! Dat ek my sonde en my onmag besef en dit kan bely! Wanneer ek en jy dan vanmore die tekens van Christus se offer ontvang, kom ons bely waaragtig en opreg dat ons in onsself niks is nie en dat ons ons sonde erken en kom smeek om

vergifnis ! Dat ons ook die voorneme in ons hart het om alles in die stryd te werp om teen ons sonde en swakheid te stry en aan God gehoorsaam te wees.
Dat hierdie innerlike oortuiging ook ons krag word om ons lewe daadwerklik te verander en te vernuwe! Dat ons nie meer maar net dieselfde kan wees en gaan doen hierna nie! Ja, soos in die volk se geval moet my lewensvernuwing ook vir ander mense aantreklik wees en hulle na die Here toe trek!

Brs. en srs., wanneer ons vanmore so deelneem aan die tafel van die Here, dan word hierdie Nagmaal met sy sigbare tekens ook vir ons die versekering dat God by ons bly! Dit is sy belofte! Dat sy leërmagte ook vir ons sal veg en oorwin en ons deur die krisisse van ons lewe sal dra!

So verseker God ons, soos die Nagmaalsformulier dit stel, dat die lewendmakende Heilige Gees in ons sal werk en ons op God sal fokus, ons innerlike oortuiging sterk sal maak en ons sal bring tot ware bekering en vernuwing!

Moenie van geloof ’n ingewikkelde saak maak nie! Glo soos ’n kind! Aanvaar die waarheid van God en lewe daarin: Bly by God en Hy sal by jou bly!

Amen